

# UITGAWE 2 NUUSBRIEF

**2025**

## BEMAGTIG MÔRE SE LEIERS



**In samewerking met die Columba Leadership Trust help ons plaaslike tieners om uit te blink! Deur ons Jeugontwikkelingsprogram ontdek leerders uit die Weston, New Vredenburg, Louwville en Steynville hoërskole hulle potensiaal as jong leiers in hulle gemeenskappe en laat dit groei.**

Die inisiatief is ontwerp om leerders met selfvertroue en leierskapsvaardighede toe te rus om positiewe verandering te bewerkstellig, en dit het reeds bewonderenswaardige resultate behaal.

Deur die program het leerders skoolgebaseerde projekte bekend gestel, byvoorbeeld veldtogte teen boeliegedrag, omgewingsbewustheidsprogramme en die "Stop the Ban"-kortfilm wat na maatskaplike uitdagings kyk. Onderwysers word ook deur bemagtigingswerkswinkels ondersteun wat hulle help om weer met hulle mentorskapsrolle in pas te kom.

## LOOPBAANEKSPO INSPIRASIE VIR DIE TOEKOMS



Ons het by die Saldanhabaai Veeldoelige Sentrum by die Weskus Loopbaanekspo aangesluit. Dit is deur die ArcelorMittal Stigting en die Saldanha Wetenskapsentrum aangebied – 'n opwindende geleentheid oor drie dae waar meer as 500 leerders met universiteite, opleidingsverskaffers en plaaslike nywerhede kontak gemaak het om toekomstige loopbane te ondersoek.

Ons het ook 'n prettige vasvra oor windenergie aangebied, met pryse wat sakrekenaars, USB-skywe, oorfone en handelsmerkwaterbottels ingesluit het.

Die geleentheid het 'n netwerk van toegewyde vennote byeengebring. Ons is trots dat ons saam met Tronox, West Coast One Wind Farm en die Strategic Fuel Fund hulle visie ondersteun het – elkeen van ons het tot 'n gedeelde doelwit van impak en innovasie bygedra.


## VIERING VAN 100 STERK VROUE

Ter viering van Vrouedag 2025 het ons met die Hopefield WindFarm Local Community Company saamgespan om 'n inspirerende geleentheid met die tema "Bemagtig jong vroue om oor hulle lewens en hulle toekoms beheer te neem" aan te bied.

Die gasspreker, Anslin Gysman, het 'n sterk boodskap oor gedeelde bemagtiging en gelykheid oorgedra. Die dag het ook 'n lewendige uitvoering deur die Hopefield Laerskool se dansers en die erkenning van uitstaande vroue in die gemeenskap ingesluit.

Skenkings ter waardering van hulle diens is aan die Hopefield Gemeenskapsaksiegroep oorhandig. Dit was 'n vreugdevolle viering van eenheid, trots en die merkwaardige vroue wat aan hulle gemeenskappe vorm gee.






**KWARTAALLIKSE BESTEDING**

**KONTAK ONS:** +27 22 723 0022 www.umoyaenergy.co.za amber.zeeman@anthem.co.za @UmoyaCommunity